P.O. BOX 80003
OLYMPIA
WINDHOEK
NAMIBIA

TEL/FAX:
061 - 222753
E-MAIL:
nambons@iway.na
www.bonsmaranamibia.com

BONSMARA CATTLE BREEDERS ASSOCIATION OF NAMIBIA

Geagte Voornemende Teler

Graag stuur ek aan u die voorwaardes en die algemene vereistes waaraan ‘n teler moet voldoen alvorens hy as Bonsmara teler geregistreer kan word.

- U moet ‘**n minimum van 30 geregistreerde koeie** hê ná keuring, wat geen Brahman tipe koeie mag insluit nie. (Meer as net 30 koeie, SP en/of Bonsmara –tipe basis koeie, moet voorberei en aangebied word vir keuring.)
- U moet ten minste **een geregistreerde Bonsmara stoetbul** hê vir hierdie koeie.

Noodsaaklike Geriewe:

1. **STEWIGE DRUKGANG** waarin diere hanteer kan word om oor knippe en tatoeëermerke te kontroleer.
2. **BEHOORLIKE KRALE:**
   a. **Wag krale** waarin die groepe diere – bulle en verse apart, gereed gehou word.
   b. **Keuring kraal met vaste, stewige grond (nie sanderig nie en verkieslik natgespuit)** waar diere aangebied word
   c. Minstens een, maar verkieslik twee **krale aangrensend van die 2(b) kraal** waarin diere wag, sodat keurders weer na hulle kan kyk na afloop van die groep of algehele keuring.
3. Dit is wenslik dat ‘n **KLEIN TAFELTJIE of skryfplek en skryfgereedskap** in die 2(b) kraal voorsien word, sodat die keuring bladsy daarop hanteer kan word.
4. Hou **tatoeëer apparaat** byderhand ingeval dit benodig mag word.
5. **‘n Skaal** om diere te weeg
6. **‘n Maatband om die skrotums te meet.**

Algemene Vereistes:

1. Prestasietoetsing is verpligtend:

BULLE:

- Geboorte gewigte (binne 3 dae na geboorte).
- Speen gewigte
- 12- maande gewigte
- 18-maande gewigte moet geneem word
- 18-maande skrotum meting

VERSE:

- Geboorte gewigte (binne 3 dae na geboorte)
- Speen gewigte is verpligtend
- 12- maande gewigte
- 18-maande gewigte moet geneem word

KOEIE:

- Koei gewigte by speen is verpligtend
- Instuur van deklyste is verpligtend

2. Die diere se volle identifikasienommers moet na die Basiese Keuring in hul ore getatoeëer word, naamlik:
   - Dier se regter oor: Kudde kenmerk (ontvang die KKM eers na die basiese keuring en na registrasie by SA Stamboek)
   - Dier se linker oor: Jaar en Volgnommer
3. Die diere wat goedgekeur moet word, moet egter REEDS voor die Basiese Keuring
   - getatoeëer wees: Dier se linker oor: Jaar en Volgnommer
   - oorknippie aangebring en
   - aangeteken wees.

   (Vorm is aangeheg wat teruggestuur moet word na die kantoor voor ‘n Senior Keur beampte u besoek.)
   Indien u onseker voel oor wat van u verwag word, is dit wenslik om eers die Nuwe Telersdag by te woon voor u aansoek doen.
4. Die heel eerste basiese keuring is verniet. Indien die Senior Keur beampte egter vind dat u nie aan die vereistes t.o.v. aantal diere en behoorlike infrastruktuur voldoen nie, sal u self vir die volgende keuring die kostes van die Keur beamptes moet dra.
   Die kostes vir ‘n Spesiale Keuring beloop tans N$6.50 per kilometer en N$750.00 dag fooie vir die Senior Keur beampte en N$350 vir die Junior Keur beampte.
5. Oornaggeriewe en verversings moet aan die Keur beamptes verskaf word. Indien u nie huisvesting en verversings aan die Keur beampte kan voorsien nie, sal u moet instaan vir alternatiewe verblyf kostes wat die Keur beampte sal moet aangaan.
6. Een keer in ‘n jaar sal u diere deur ‘n Senior en Junior Keur beamptes van die Genootskap geïnspekteer word. Aan hierdie inspeksies is geen kostes verbonde nie. Die jaarlikse keurings vind in Julie plaas.

7. Vir die Jaarlikse Keurings word ‘n inspeksie vorm uitgedruk by die BeefPro en/of LOGIX sagteware. Inspeksieboek word nie meer gebruik nie. Jaarlikse keurings is amptelik en slegs amptelike indekse van diere op gedrukte inspeksie vorms van BeefPro of Logix is aanvaarbaar.
8. Goedgekeurde bulle moet na die jaarlikse keuring met ‘n B-brand op die regter blad gebrand word. Brandysters is teen ‘n koste van N$ 200.00 deposito by die bestuur verkrygbaar. Brandysters bly die eiendom van die Genootskap en moet terugbesorg word indien u nie meer ‘n Bonsmara teler is nie.
9. Ten minste een keer ‘n jaar vind daar ‘n Telersdag en ‘n Raspromosiedag plaas. Die Bonsmara Algemene Jaarvergadering vind gewoonlik in Februarie plaas en bywoning word aanbeveel. Nuwe telers is verplig om ten minste een keuring by ‘n teler in hulle omgewing by te woon.
10. Na gelang van die behoefte, sal daar elke jaar ‘n Nuwe Telers Opleidings dag plaasvind waar daar dan ‘n program uitgewerk sal word vir die nuwe telers. Indien nie, sal die dag saamval met die Telersdag. Alle nuwe telers is verplig om die eerste Telersdag na aansluiting by te woon
11. Nuwe telers word verplig om die eerste jaar na aansluiting as Junior Keurder saam te ry met ’n Senior Keurder tydens die Jaarlikse Inspeksie, in stede daarvan om ’n Nuwe Teler Opleidingsdag aan te bied.
12. Die Keur beampte wat die basiese keuring waarneem, sal u meer van die tegniese aspekte rondom die volgende inlig:
    - Rekordhouding van diere
    - BenguFarm sagteware (verpligtend)
    - Prosedures vir geboorte kennisgewings en weging met geboorte
    - Weging prosedures en weeg lyste vir verskillende ouderdomme asook skrotum metings
    - Verpligte DNA-monsters vir kuddevaars en ouerskap toetse
    - Minimum reproduksie standaarde vir koeie en verse
    - Brand van goedgekeurde bulle met B-brandysters vir verkope.
    - Die prosedures van jaarlikse keuring asook prosedures vir afgekeurde bulle
    - Tatoeëer en oor knippe van diere (verpligtend)
    - Aktiwiteite van die genootskap
    - Enige ander vrae wat u dalk mag hê.
13. Elke teler sal drie individuele rekeninge ontvang direk vanaf die onderskeie instansies en die kostes moet betaal word:

- **<u>Namibiese Bonsmara Beestelers Genootskap:</u>**
    - N$2 425.00 lede fooi (geen BTW)
    - Kudde heffings (geen BTW):
        - N$ 40 vir SP, A & B lewendige diere
        - N$ 25 per basis dier
- **<u>Stamboek SA</u>**: (BTW uitgesluit)
  Jaarlikse lede fooi en
  Per Kapita Fooi

Hierdie kostes is onderhewig aan jaarlikse aanpassings indien dit nodig mag wees.

As u besluit om as teler te registreer, vul asseblief meegaande aansoekvorm vir lidmaatskap van die Namibiese Bonsmara Beestelersgenootskap asook lidmaatskap deelname aan Stamboek in, en pos/faks dit terug aan die Bonsmara Beestelersgenootskap. Dit is belangrik om die datum van aansluiting as lid terug te dateer na ‘n datum VOOR geboorte van kalwers wat in die opgradering stelsel as stoet aangeteken moet word!

Neem asseblief kennis dat, as u sou aansluit in u persoonlike naam, lidmaatskap met u afsterwe sal verval. Indien u familie met die stoetery voort wil gaan, sal hulle weer moet aansluit.

Met die aansoek om lidmaatskap onderneem u ook om u te onderwerp aan die bepalinge van die grondwet, bywette, Dissiplinêre Kode, reëls en regulasies van die Bonsmara Beestelers Genootskap van Namibië soos bestaande of van tyd tot tyd gewysig mag word. Met aansluiting word toestemming verleen dat dier DNA uitslae beskikbaar gestel word o.a. aan Stamboek en die Bonsmara Genootskap.

Elke Bonsmara Teler onderneem verder om in die gees van die Bonsmara beleid, geen afgekeurde Bonsmara bul of enige ongekeurde- of Bonsmara tipe bul of -bulkalf (uitgesonder ‘n ongespeende kalf saam met sy moeder) vir teeldoeleindes aan enige persoon te verkoop of te vervreem nie.

Indien ‘n teler ‘n uitverkoping hou om sy stoet tot niet te maak, gee hy alreeds ‘n onderneming aan die Genootskap met hierdie aansoek, dat hy net diere wat goedgekeur is en indekse het, as BONSMARAS sal verkoop en dat die reëls van die Genootskap eerbiedig sal word tot na die tyd en geen bos bulle verkoop sal word nie.

Alle aansoeke word deur die Raad gekeur by die eerste vergadering na die aanvanklike inspeksie en keuring van die diere.

Baie dankie vir u belangstelling in die ras. Ons sien uit om u op die Bonsmara byeenkomste te ontmoet.

Met hartlike Bonsmara groete

Marinda Labuschagne
Sekretaresse

KEURINGSAANSOEK VIR NUWE TELERS

1. AANTAL DIERE VIR KEURING:

   Bulle _____ Vroulike diere _____

2. Sluit asseblief volledige ROETEKAART met aanwysings en afstande in volgens nuwe paaie vanaf naaste hoofweg tot op die plaas waar inspeksies hanteer sal word.

3. Is u bereid om die Keur beampte(s) te huisves? JA _____ NEE_____

EK, DIE ONDERGETEKENDE, ONDERNEEM OM TOE TE SIEN DAT DAAR AAN BOGENOEMDE VEREISTES VOLDOEN WORD OM TE KWALIFISEER VIR KEURING:

Indien daar nie voldoen word aan bogenoemde vereistes nie, sal die keurders ***NIE*** die keuring waarneem ***NIE***, en sal die daaropvolgende keuring as 'n Spesiale Keuring gesien word waar u self die kostes sal moet dra.

NAAM EN VAN: _____

PLAAS NAAM: _____ NAASTE DORP: _____

STREEK: _____

POSADRES & DORP: _____

TELEFOON NR._____ SELFOON NR: _____

DATUM VAN AANSOEK: _____

HANDTEKENING: _____

ID:_____

ROETEKAART:

Kantoor:

Datum Ontvang:_____

Senior Keurder::_____ Junior Keurder: _____

VOLTOOI DIE VORM EN STUUR TERUG.

DIER SE ID NOMMER		GEBOORTE DATUM	GESLAG	SENIOR KEURDER	
JAARGETAL	VOLGNOMMER/ NOMMER		MANLIK/ VROULIK	AFKEUR REDES	JA/ NEE
Bv. 2010	0001	2010 - 01 - 01			

Senior Keurder: _____ Teler: _____

Junior Keurder: _____ Datum: _____